**Waarom is die lewe so moeilik en gebeur daar sulke slegte dinge?**

Toe jy jou oë oopmaak en groot genoeg was om te begin verstaan, was jy hier en vir die res van jou lewe wonder jy wie jy is, waar jy vandaan kom en wat jy hier doen. Die antwoord is maklik, maar ons mis dit elke keer wanneer ons daar lees.

Ons weet God het ons gemaak, maar hoekom en waarom is die lewe dan so swaar as Hy dan 'n volmaakte God is? Hy het dan self erken dat sy skepping goed was?

Sesduisend jaar gelede het God 'n mens gemaak na sy beeld en 'n perfekte aarde vir die mens geskape om in te woon en daar te lewe, tot in ewigheid. Omdat die mens alleen was, het Hy ook vir hom 'n maat gemaak wat by hom pas.

Die vraag is, as hulle omstandighede dan so goed was, waarom het ons die lewe so moeilik? As hulle in 'n paradys gebly het, hoe het ons in hierdie plek gekom waar ons bly?

Die mens en sy vrou was nie die enigste wesens wat God geskape het nie, maar daar was baie ander hemelwesens, bv. engele, gérubs en baie waarvan ons nie bewus is nie. Een van hierdie gérubs het egter vroeër in opstand teen die Skepper gekom en sy lot was dat hy van sy heerlikheid gestroop was en sy binneste is met duisternis vervul.

Nadat God die hemel en die aarde geskape het, het hy met belangstelling gaan kyk wat God geskape het en ontmoet toe die mens. Dit is waar die groot tragedie begin het.

Hierdie gevalle gérub verlei die mens om God nie te glo nie en teen Hom te sondig. Van daardie oomblik af word die mens en sy vrou ook van hulle heerlikheid gestroop.

Nooit was hierdie deel van God se skeppingsplan nie, maar omdat Hy die mens geskape het met 'n eie wil en 'n eie besluit, het Hy die mens nie gekeer nie en die mens kies die sonde ten koste van sy eie heerlikheid en ten koste van sy verhouding met God.

Nou wat het dit nou met ons te doen?

Adam was die eerste mens wat God geskape het en dit wat hy gedoen het, het 'n effek op almal en alles gehad wat op die aarde is. Hoewel God die aarde probleemvry en pragtig geskape het, het Hy self die aarde vervloek nadat Adam teen Hom gesondig het. Met hierdie vervloeking deur die Skepper, het die hele skepping verander.

Vir die eerste keer het mens en dier en plante die vermoë gekry om te sterf.

Nie meer het alle diere net plante geëet nie, maar nou het sommige diere ander diere geëet. Die mens self het ook verander en het nou presies geweet wat om te doen, wat God nie behaag nie. Voordat hy die eerste keer teen God gesondig het, was hy volmaak gehoorsaam aan God, maar nou is dit vir hom onmoontlik om nie heel dag te sondig nie.

Nou was die mens van nature geneig tot die sonde.

Wel, die vraag is nog steeds, wat het dit met ons te doen?

Want die aarde waarop ons nou lewe, sesduisend jaar later, is nog steeds in ‘n vervloekte staat. Die mense op die aarde is nog steeds geneig tot die sonde, omdat hulle in ‘n vervalle staat is. Almal is liefdeloos en soek net hulle eie belang. Omdat God die aarde vervloek het, gaan ons almal dood. Ons veg dus vir oorlewing en dit maak ons selfsugtig.

Gevolgtrekking: God het dus nie die aarde so sleg en sondig gemaak nie, maar dit het so geword nadat die eerste mens gesondig het en ons almal se ondergang veroorsaak het.

Ons word gebore met die kiem van die dood in ons en niemand sovêr, het dit vrygespring nie. Ons het iemand nodig om ons te verlos van die dood.